

'n Greintjie goeie nuus vir KMO's in droewe fiskale omstandighede

Die Nasionale Tesourie se oop en eerlike Mediumtermynbegrotingsbeleidsverklaring (MTBBV) vir 2017, laat lesers met geen twyfel dat die huidige tendense in Suid-Afrika se fiskale posisie onvolhoubaar is nie. Ten spyte van jare se fiskale konsolidering hou die regering se skuldratio steeds aan verhoog, terwyl 'n merkbare verswakking in die algemene regering se vastekapitaalbates relatief tot sy laste aandui dat dit aan fondsverbruiking leen, wat nie ekonomies wys is nie.

Daar word dikwels genoem dat die Suid-Afrikaanse regering se skuldratio relatief laag is vergeleke met, byvoorbeeld, baie ontwikkelde ekonomieë. Dit is waar, maar die probleem lê daarin dat volgehoue afgradering in die land se soewereine skuldgraderings met 'n merkbare verhoging in die reële rentekoers op nuut-uitgereikte regeringskuld relatief tot reële BBP-groei gepaard gegaan het. In die afwesigheid van 'n wesenlike verbetering in die primêre saldo van die hoofbegroting, impliseer dit oor tyd dat die opwaartse tendens in die skuldratio sal volhou, soos die regering leen om rente te betaal. Die verwagte verswakking in die primêre saldo na 'n tekort van 1.2% van BBP in 2017/18 van 'n tekort van 0.5% van BBP in 2016/17 af, is dus kommerwekkend.

Intussen het die onhoudbare finansiële posisie van talle ondernemings in staatsbesit (OSB's) die Tesourie aan wesenlike risiko blootgestel, gegewe die skuldwaarborge wat dit aan hierdie ondernemings verleen het. In die huidige finansiële jaar het die Nasionale Tesourie R13.7 miljard in totaal in die Suid-Afrikaanse Lugdiens (SAL) en die Suid-Afrikaanse Poskantoor (SAPK) gestort. In die geval van eersgenoemde merk die Tesourie op dat R10 miljard oorgedra is om "n oproep van waarborge of die likwidasië van die redery" (eie vertaling) te vermy.

Voorts is die finansiële probleme by OSB's nie tot die SAL en die SAPK beperk nie. Die Tesourie dui aan dat daar ook likiditeitstekorte by Denel, South African Express en die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie is, wat "waarskynlik die een of ander vorm van ingryping deur die regering sal vereis" (eie vertaling). En waar 'niekern'-bates verkoop kan word om OSB's te befonds, behoort die doel van die verkoop van regeringsbates die verbetering van doeltreffendheid te wees, en nie om as ondersteuning vir falende besighede te dien nie.

Gegewe die huidige verwagtinge vir die pad van inkomstegroei, word inkomstetekorte van R50.8 miljard in 2017/18, R69.3 miljard in 2018/19 en R89.4 miljard in 2019/20 verwag. Hierdie ongunstige stand van sake vereis die inwerkingstelling van bykomende fiskale konsolideringsmaatreëls in volgende jaar se begroting. Die MTBBV dui aan dat bykomende bestedingsbesnoeiing en/of belastingverhogings in die omgewing van R40 miljard nodig sal wees net om die skuldratio binne die volgende dekade onder 60% van BBP te stabiliseer.

Hoewel die Tesourie waarskynlik besteding sal besnoei, sal sy vermoë om dit te doen beperk word deur opkomende nuwe bestedingsprioriteite (byvoorbeeld, Nasionale Gesondheidsversekering en, moontlik, gratis hoër opvoeding en opleiding). Dus blyk bykomende maatreëls vir die opwek van inkomste (bo en behalwe die R15 miljard wat reeds vir 2018/19 aangekondig is) onvermydelik te wees. Die vraag is: "wie betaal?"

Met die Davis Belastingkomitee wat aan korporatiewe inkomstebelasting werk (insluitend 'n hersiening van belastingaansporings), word die verwagtinge van bykomende opwekkingsmaatreëls gefokus op persoonlike inkomstebelasting (byvoorbeeld, om nie ten volle vir fiskale sleur te kompenseer nie, om die boonste marginale belastingkoers te verhoog en moontlike welvaartbelasting¹), 'sonde'-belasting, die algemene brandstofheffing en verlagings in belastingbesteding (byvoorbeeld, 'n aanpassing van mediese belastingkrediet om die NGV te help befonds). Die Tesourie merk ook op dat die hersiene Wetsontwerp op Koolstofbelasting binnekort uitgereik gaan word. Hierdie lys van moontlike inkomste-opwekkingsmaatreëls is omvattend en daar word verwag dat die inkomstelas steeds relatief tot BBP sal verhoog.

In die geheel gesien, is daar min in die mini-begroting oor om opgewonde te raak en baie om oor bekommerd te wees. Vir ontluikende entrepreneurs is daar ten minste 'n greintjie goeie nuus. Die ontwikkeling van klein besighede (en dus werkskepping) bly 'n hoofprioriteit vir besteding. Ook is 'n Regerings- Tegnieuse Adviesentrum opdrag gegee om 'n fonds vir die ondersteuning van KMO's, met die fokus op 'beginnerbesighede' en openbare aankope, te vestig. Die Tesourie noem dat provinsies oor die volgende drie jaar omtrent R600 miljard aan goedere en dienste sal bestee, wat aankope by klein besighede sal insluit. In Gauteng het die aantal geregistreerde kleinbesighedeverskaffers reeds van 1 072 in 2014 tot 8 268 in 2017 toegeneem. In die Wes-Kaap maak die provinsiale regering van 5 500 verskaffers gebruik, waarvan 51% klein besighede is.

En KMO's oor die algemeen, sal belangstel in die regering se voorgenome skuif na "die dekonsentrasie van industrieë wat deur 'n paar deelnemers oorheers word", hoewel daar tans nog geen wesenlike besonderhede oor wat dit in die praktyk impliseer, beskikbaar is nie.

Niks hiervan kan egter huishoudings en besighede teen die onbestendigheid van die wisselkoers en hoër reële rentekoerse, wat deur volgehoue afgraderings in soewereine skuldgraderings geïmpliseer word, beskerm nie. Dit kan ook nie die ekonomie vir die koste van infrastruktuurbottelnekke weens onvoldoende onderhoud van bates, of onvoldoende befondsing, vergoed nie.

Uiteindelik, soos Minister Malusi Gigaba in sy voorwoord tot die MTBBV skryf: "Die dringendste taak vir ons nasie is om inklusiewe, werkskeppende groei aan te vuur" (eie vertaling). 'n Mens kan nie anders as om saam te stem nie. Maar, in die afwesigheid van die ekonomiese hervorming wat nodig is om 'n volgehoue, robuuste toename in reële ekonomiese aktiwiteit te bevorder, kan verwag word dat die Nasionale Tesourie swaar op Suid-Afrikaners sal leun, hetsy deur die effektiewe belastingkoers te verhoog, of deur voordele te sny, of deur albei.

Geskryf deur Arthur Kamp, Beleggingsekoonoom, Sanlam Beleggingsbestuur

¹Alternatiewe welvaartbelasting wat oorweeg word, sluit eiendomsbelasting, grondbelasting en belasting op kapitaaloordragte (skenkingsbelasting en boedelbelasting) in.